Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94(4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysiging van die reëls wat die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheekkundige Raad kragtens artikel 94(2)(h) van die Wet opgestel het en wat by Goewermentskennisgewing R.1678 van 29 September 1971 afgekondig is:

A. Die skraping van die volgende kwalifikasies:

Onder die opskrif (a) *Geneeshere*

Eksaminerende liggaam	Kwalifikasie	Afkorting vir registrasie
Universiteit van Pretoria	Magister in Geneeskundige Praktijk	M Prax Med Pret
	Magister in Geneeskunde (Onkochemoterapie)	MMed (Onkochemo-terapie) Pret

B. Die byvoeging van die volgende verdere kwalifikasies:

1. Onder die opskrif (a) *Geneeshere*

Eksaminerende liggaam	Kwalifikasie	Afkorting vir registrasie
Die Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika	Diploma in Anestese	DA (SA)
	Lidmaatskap van die Fakulteit van Patologie (Bloedtransfusie)	LF Pat (SA) (Bloedtransfusie)
Mediese Akademie van Warschau	Doktor in Geneeskunde	MD Warschau
Universiteit van Pretoria	Magister in Huisarts- Geneeskundige Praktijk	M Prax Med Pret
	Magister in Geneeskunde (Plastiese Chirurgie)	MMed(Plast Chir) Pret

No. R. 1360 (Republic) [9 August 1974

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL.

AMENDMENT OF THE RULES REGARDING THE REGISTRATION OF ADDITIONAL QUALIFICATIONS.

The Minister of Health has, in terms of section 94(4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, approved the following amendment of the rules made by the South African Medical and Dental Council under section 94(2)(h) of the Act and published under Government Notice R.1678, dated 29 September 1971:

A. The deletion of the following qualifications:

Under the heading (a) *Medical Practitioners*

Examining Authority	Qualification	Abbreviation for registration
University of Pretoria	Master of Medical Practice	M Prax Med Pret
	Master of Medicine (Oncochemotherapy)	M Med (Oncochemotherapy) Pret

B. The addition of the following further qualifications:

1. Under the heading (a) *Medical Practitioners*

Examining Authority	Qualification	Abbreviation for registration
The College of Medicine of South Africa	Diploma in Anaesthetics	DA (SA)
	Fellowship of the Faculty of Pathology (Blood Transfusion)	FF Path (SA) (Blood Transfusion)
Medical Academy of Warsaw	Doctor of Medicine	MD Warsaw
University of Pretoria	Master of Family Practice	M Prax Med Pret
	Master of Medicine (Plastic Surgery)	MMed(Plast Chir) Pret

Magister in Geneeskunde (Urologie) MMed(Urol) Pret

Master of Medicine (Urology) MMed(Urol) Pret

Magister in Geneeskunde (Torakschirurgie) MMed(Thorax Chir) Pret

Master of Medicine (Thoracic Surgery) MMed(Thorax Chir) Pret

Magister in Militêre Geneeskunde M Mil Med Pret

Master of Military Medicine M Mil Med Pret

Magister in Farmakologiese Geneeskunde M Phar Med Pret

Master of Pharmaceutical Medicine M Phar Med Pret

<i>Eksaminerende liggaam</i>	<i>Kwalifikasie</i>	<i>Afkorting vir registrasie</i>	<i>Examining Authority</i>	<i>Qualification</i>	<i>Abbreviation for registration</i>
Universiteit van die Witwatersrand	Magister Scientiae in die Fakulteit van Geneeskunde	MSc(Med) Witwatersrand	University of the Witwatersrand	Master of Science in the Faculty of Medicine	MSc(Med) Witwatersrand
	Diploma in Be-roepsge-sondheid	DOH Witwatersrand		Diploma in Occupational Health	DOH Witwatersrand

2. Onder die opskrif (b) Tandartse

<i>Eksaminerende liggaam</i>	<i>Kwalifikasie</i>	<i>Afkorting vir registrasie</i>
Universiteit van die Witwatersrand	Diploma in Mondpatologie	Dip Oral Path Witwatersrand

2. Under the heading (b) Dentists

<i>Examining Authority</i>	<i>Qualification</i>	<i>Abbreviation for registration</i>
University of the Witwatersrand	Diploma in Oral Pathology	Dip Oral Path Witwatersrand

No. R.1381 (Republiek)]

[9 Augustus 1974

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID:

WET OP DIE BEHEER VAN MEDISYNE, 1965.

REGULASIE OM DIE AANSOEKVORM OM REGISTRASIE VAN 'N MEDISYNE TE WYSIG.

Die Medisyne-beheerraad ingestel by artikel 2 van die Wet op die Beheer van Medisyne, 1965 (Wet 101 van 1965), het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 35(1)(b) van genoemde Wet en met die goedkeuring van die Minister van Gesondheid, die Bylae van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2025 van 15 Desember 1967, gewysig soos hieronder aangedui:

VERTROULIK

MBR 1

(G 12/1)

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N MEDISYNE.

(Artikel 15 van die Wet op die Beheer van Medisyne, 1965 (Wet 101 van 1965)).

No. R.1381 (Republic)]

[9 August 1974

DEPARTMENT OF HEALTH:

DRUGS CONTROL ACT, 1965.

REGULATION TO AMEND THE APPLICATION FORM FOR THE REGISTRATION OF A DRUG.

The Drugs Control Council established in terms of section 2 of the Drugs Control Act, 1965 (Act 101 of 1965), has, by virtue of the powers vested in it by section 35(1)(b) of the said Act, and with the approval of the Minister of Health, amended the Schedule to the regulations promulgated by Government Notice R.2025, dated 15 December 1967, as indicated below:

CONFIDENTIAL

MBR 1
(G12/1)

APPLICATION FOR REGISTRATION OF A DRUG

(Section 15 of the Drugs Control Act, 1965 (Act 101 of 1965)).

L.W. Bestudeer die notas op die keersy hiervan asseblief sorgvuldig voordat u die vorm invul

N.B. Please study the instructions on the reverse side carefully before completing the form.

BESONDERHEDE VAN APPLIKANT

Naam (1*)
Sakeadres
Posadres
Telefoonnommer

PARTICULARS OF APPLICANT

Name (1*)
Business address
Postal address
Telephone No.

BESONDERHEDE VAN MEDISYNE

Voorgestelde goedgekeurde naam (2*)
Handelsmerk (handelsnaam, as daar is) (3*) ...
Bereidingsvorm (4*)
Land van herkoms (land waar die basiese navorsing gedoen is)
Naam en sakeadres van vervaardiger van die bereiding
Klassifikasie (5*)
Die medisyne was voor 5 Julie 1968 in hierdie formulering beskikbaar []
Die medisyne was nie voor 5 Julie 1968 in hierdie formulering beskikbaar nie []
(Maak 'n kruisie in die betrokke blokkie)

PARTICULARS OF DRUG

Proposed approved name (2*)
Trade mark (trade name, if any) (3*)
Form of preparation (4*)
Country of origin (country in which the basic research was conducted)
Name and business address of manufacturer of the preparation
Classification (5*)
The drug was available in this formulation before 5 July 1968 []
The drug was not available in this formulation before 5 July 1968 []
(Indicate with an X)

Die ondergetekende verklaar hierby dat al die inligting hierin en in die Aanhangsels hiervan waar en juis is (6*).

The undersigned hereby declares that all the information contained herein and in the Annexures hereto is correct and true (6*)

Handtekening van applikant
Datum van aansoek

Signature of applicant.
Date of application

Hoedanigheid

Designation

* [(1*) (2*) ens. verwys na die notas op die keersy]

* (C1*), (2*), etc. refers to notes on reverse side]

ALGEMENE INLIGTING

GENERAL INFORMATION

MBR 1

MBR 1

1. Aansoek om die registrasie van 'n medisyne kan gedoen word deur -

1. Application for the registration of a drug may be made by -

- (a) 'n geregistreerde apteker; of
- (b) 'n regspersoon wat as apteker handel dryf kragtens artikel 76 van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers (Wet 13 van 1928), of iemand wat deur so 'n regspersoon gemagtig is om namens hom aansoek te doen; of
- (c) in die geval van 'n medisyne vervaardig deur 'n persoon wat beskik oor 'n permit uitgereik kragtens die bepalinge van artikel 37 van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, daardie persoon.
2. Indien geen goedgekeurde naam deur 'n aanvaarbare internasionale liggaam aan die Medisyne toegeken is nie, moet die naam wat vir goedkeuring voorgestel is of gaan word, hier aangedui word.
3. Die aandag word gevestig op artikel 1(2) van die Wet. Verder moet daarop gelet word dat medisyne wat nie van presies dieselfde samestelling of sterkte is nie, nie as dieselfde medisyne beskou word nie. Aansoeke om die registrasie van medisyne waarvan slegs die sterkte verskil, kan op dieselfde vorm gedoen word. Registrasiegelde is egter betaalbaar vir elke afsonderlike sterkte.
4. Die bereidingsvorm, byvoorbeeld oplossings, suspensies, oogdruppels, oordruppels, emulsies, salwe, setpille, tablette, kapsules en insputings, moet hier vermeld word.
5. Die klassifikasie van die medisyne soos omskryf in regulasies 4 en 5 moet hier vermeld word.
6. Enige persoon wat in verband met 'n medisyne 'n valse of misleidende verklaring doen -
- (i) in 'n aansoek om die registrasie daarvan; of
- (ii) by die verkoop daarvan,
- begaan 'n misdryf (artikel 29).
7. Die registrasieprosedure kan 'n aanvang neem alleen indien vorm MBR 1 en sy aanhangsels volledig ingevul is. Slegs die inligting wat op die aanhangsels gevra word, moet verskaf word.
8. Verwysings na literatuur moet in die toepaslike aanhangsel verstrek word.
9. Alle dokumente moet in een van die amptelike tale voorgelê word.
10. 'n Monster van die kleinste beskikbare verpakking van die medisyne moet ingedien word.
- (a) a registered chemist and druggist; or
- (b) a body corporate which carries on the business of a chemist and druggist in terms of section 76 of the Medical, Dental and Pharmacy Act (Act 13 of 1928), or a person authorised by such a body to apply on its behalf; or
- (c) in the case of a drug which is manufactured by a person who is the holder of a permit issued under the provisions of section 37 of the Medical, Dental and Pharmacy Act, that person.
2. If no approved name has been given to the drug by an acceptable international body, the name which was, or will be, submitted for approval should be mentioned here.
3. Attention is drawn to section 1(2) of the Act. Furthermore, it should be noted that drugs which are not identical in composition or strength are not regarded as the same drug. Applications for the registration of drugs of which only the strength varies, may be made on the same form. However, registration fees in respect of each strength are payable.
4. The form of preparation, e.g., solutions, suspensions, eye drops, ear drops, emulsions, ointments, suppositories, tablets, capsules, injections, should be mentioned here.
5. The classification of the drug as described in regulations 4 and 5 should be mentioned here.
6. Any person who makes any false or misleading statement in connection with any drug -
- (i) in an application for the registration thereof; or
- (ii) in the course of the sale thereof,
- is guilty of an offence (section 29).
7. The registration procedure can be commenced only if Form MBR 1 and its annexures are properly completed. Only the information required in the annexures should be furnished.
8. References to literature should be furnished in the appropriate annexure.
9. All documents must be submitted in either of the official languages.
10. A sample of the smallest available pack of the drug must be submitted.

AANHANGSEL 1

MBR 1

ANNEXURE 1

MBR 1

Naam van applikant
.....
Naam van medisyne
.....
Bereidingsvorm
.....

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation
.....

Die teks van die voubiljet moet voorgelê word en wel in die volgende volgorde:

1. Registrasienuommer (vir toekenning deur die Raad).
2. Farmakologiese klassifikasie.
3. Skeduleringskategorie (vir toekenning deur die Raad).
4. Goedgekeurde naam (waar van toepassing).
5. Handelsnaam.
6. Samestelling (insluitende preserveermiddels waar teenwoordig).
7. Identifikasie (fisiese voorkoms).
8. Farmakologiese werking.
9. Indikasies.
10. Kontra-indikasies.
11. Dosis en gebruiksaanwysings.
12. Nuwe-effekte en spesiale voorsorgmaatreëls.
13. Bekende simptome van oordosering en besonderhede van behandeling daarvan (indien prakties moontlik om in te sluit).
14. Voorwaardes waaronder die medisyne geregistreer is (as daar is) soos deur die Raad gestel.
15. Aanbieding.
16. Bergingsvoorskrifte.
17. Naam van applikant.

The text of the package insert shall be submitted, and must be in the following order:-

1. Registration number (to be allocated by the Council).
2. Pharmacological classification.
3. Scheduling category (to be allocated by the Council).
4. Approved name (where applicable).
5. Trade name.
6. Composition (including preservatives if present).
7. Identification (physical appearance).
8. Pharmacological action.
9. Indications.
10. Contra-indications.
11. Dosage and directions for use.
12. Side effects and special precautions.
13. Known symptoms of overdose and particulars of its treatment (where practicable to include).
14. Conditions of registration of the drug (if any) imposed by the Council.
15. Presentation.
16. Storage directions.
17. Name of applicant.

AANHANGSEL 2

ANNEXURE 2

MBR 1

MBR

Naam van applikant
.....
Naam van medisyne
.....
Bereidingsvorm
.....
Doseringseenheid
.....

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation
.....
Dosage unit
.....

Die volgende is 'n lys van die name en hoeveelhede van elke *aktiewe en nie-aktiewe* bestanddeel wat die medisyne per doseringseenheid of ander geskikte massa- of volume-eenheid bevat en wat met betrekking tot die aktiewe bestanddele ooreen moet stem met die betrokke besonderhede in die voubiljet en op die etiket.

The following is a schedule of the names and quantities of *each active and non-active ingredient* contained in a dosage unit or other suitable mass or volume unit of the drug and must conform with the relevant particulars in the package insert and on the label with regard to the active ingredients.

Besonderhede met betrekking tot oormaattoevoegings in die formulering moet afsonderlik aangedui word.

Particulars with regard to overages in the formulation should be given separately.

Bestanddeel		Hoeveelheid	Aktief of nie-aktief
Chemiese naam	Goedgekeurde naam (as daar is)		

Constituent		Quantity	Active or non-active
Chemical name	Approved name (if any)		

1. Goedgekeurde en chemiese name moet sover moontlik volgens die gepubliseerde lys van 'n aanvaarbare internasionale liggaam, bv. I.N.N., wees.

1. Approved and chemical names should, where possible, be given in terms of the published list of an acceptable international body, e.g. I.N.N.

2. Waar die aangegewe hoeveelheid van die aktiewe bestanddeel verskil van dié op die etiket van die medisyne, moet hierdie verskil verduidelik word.

2. Where a stated amount of active ingredient differs from that on the label of the drug, this difference should be explained.

AANHANGSEL 3

ANNEXURE 3

MBR 1

M.B.R. 1

Naam van aplikant
.....
Naam van medisyne
.....
Bereidingsvorm
.....

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation
.....

Die name en struktuurformules van die *aktiewe* bestanddele is soos volg:

The names and structural formulae of the *active* ingredients are as follows:

Goedgekeurde of chemiese naam	Struktuurformule

Approved or chemical name	Structural formula

Goedgekeurde en chemiese name moet sover moontlik volgens die gepubliseerde lys van 'n aanvaarbare internasionale liggaam, bv. I.N.N., wees.

1. Approved and chemical names should, where possible, be given in terms of a published list of an acceptable international body, e.g. I.N.N.

Verwysings na die volgende publikasies sal, *waar van toepassing*, aanneemlik wees:

2. Reference to the following publications will, *where applicable*, be acceptable:

British Pharmacopoeia, British Pharmaceutical Codex, Pharmacopoeia of the United States, European Pharmacopoeia, Pharmacopoea Interna-

British Pharmacopoeia, British Pharmaceutical Codex, Pharmacopoeia of the United States, European Pharmacopoeia, Pharmacopoea Inter-

tionalis, Merck Index, Remington's Pharmaceutical Sciences, of ander naslaanbronne wat vir die Raad aanvaarbaar is.

nationalis, Merck Index, Remington's Pharmaceutical Sciences, or such other works of reference as will be acceptable to the Council.

AANHANGSEL 4

ANNEXURE 4

MBR 1

MBR 1

Naam van applikant
.....
Naam van Medisyne
.....
Bereidingsvorm

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation

Spesifikasies vir al die aktiewe en nie-aktiewe grondstowwe wat in die vervaardigingsproses van die medisyne gebruik word, is soos volg:-

Specifications for all the active and non-active raw materials used in the manufacturing process of the drug are as follows:

Verwysing na die publikasies vermeld in voetnoot (2) van Aanhangel 3 sal, waar van toepassing, aanneemlik wees. Waar verwys word na ander bronne moet die gegewens die aansoek vergesel.

Reference to publications mentioned in footnote (2) of Annexure 3 will, *where applicable*, be acceptable. Where reference is made to other sources, the information must accompany the application.

AANHANGSEL 5

ANNEXURE 5

MBR 1

MBR 1

Naam van applikant
.....
Naam van medisyne
.....
Bereidingsvorm

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation

Die analitiese kontroleprosedures wat met alle aktiewe en nie-aktiewe grondstowwe voor gebruik in die vervaardigingsproses gevolg word, is soos volg:-

The analytical control procedures which are performed on all active and non-active raw materials before they are used in the manufacturing process are as follows:

Vermeld in elke geval in watter laboratorium genoemde analitiese kontroleprosedures uitgevoer word.

Specify in each case in which laboratory the said analytical control procedures are carried out.

Indien in ooreenstemming met Aanhangel 4 sal 'n verwysing voldoende wees.

If the above corresponds with Annexure 4, reference thereto will suffice.

AANHANGSEL 6

ANNEXURE 6

MBR 1

MBR 1

Naam van applikant
.....
Naam van medisyne
.....
Bereidingsvorm

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation

Die analitiese kontroleprosedures gedurende die ver-
vaardigingsproses gevolg, en die gereeldheid waarmee
uitgevoer, is soos volg:-

The analytical control procedures and the frequency
with which they are performed during the manufac-
turing process are as follows:

Sien voetnoot van Aanhangsel 5.

See footnote to Annexure 5.

AANHANGSEL 7

ANNEXURE 7

MBR 1

MBR 1

Naam van applikant Naam van medisyne Bereidingsvorm

Name of applicant Name of drug Form of preparation
--

Volledige spesifikasies van die finale vervaardigde produk is soos volg:-

Full specifications of the final manufactured product are as follows:

AANHANGSEL 8

ANNEXURE 8

MBR 1

MBR 1

Naam van applikant Naam van medisyne Bereidingsvorm

Name of applicant Name of drug Form of preparation
--

Die aard van, en waar van toepassing, die spesifikasies van die verpakkingsmateriaal in direkte kontak met die doseringsvorm is soos volg:-

The nature, and the specifications, where applicable, of the packaging materials in immediate contact with the dosage form, are as follows:

AANHANGSEL 9

ANNEXURE 9

MBR 1

MBR 1

Naam van applikant
.....
Naam van medisyne
.....
Bereidingsvorm

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation

Die analitiese kontroleprosedures wat op die finale ver-
vaardigde produk toegepas word, is soos volg:-

The analytical control procedures which are performed
on the final manufactured product are as follows:

-
- (1) 'n Verwysing na die publikasies genoem in voetnoot (2) van Aanhangel 3 sal, waar dit van toepassing is, aanneemlik wees.
 - (2) Vermeld die laboratorium waar bovermelde analitiese kontroleprosedures uitgevoer word.

-
- 1. Reference to the publications mentioned in footnote (2) to Annexure 3 will, where applicable, be acceptable.
 - 2. Mention should be made of the laboratory where the above analytical control procedures are carried out.

AANHANGSEL 10

ANNEXURE 10

MBR 1

MBR 1

Naam van applikant
.....
Naam van medisyne
.....
Bereidingsvorm

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation

Hieronder volg -

The following is a description of -

- (a) die eksperimentele besonderhede en resultate van stabiliteitstoetse op die finale vervaardigde produk uitgevoer;
- (b) die interpretasie van bovermelde resultate; en
- (c) die afgeleide rakleef tyd.

- (a) the experimental details and results of stability tests performed on the final manufactured product;
- (b) the interpretation of the above results; and
- (c) the inferred shelf life.

AANHANGSEL 11

ANNEXURE 11

MBR 1

MBR 1

Naam van applikant
.....
Naam van medisyne
.....
Bereidingsvorm

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation

Opsommings van die metodes van vervaardiging en verpakking is soos volg:-

Summaries of the methods of manufacture and packaging are as follows:-

Indien enige van die vervaardigings- of verpakkingsprosedures by 'n ander adres as dié van die vervaardiger uitgevoer word, moet volle besonderhede daarvan verstrek word.

Should any of the manufacturing or packaging procedures be carried out at an address other than that of the manufacturer, full particulars of such procedures must be furnished.

AANHANGSEL 12

ANNEXURE 12

MBR 1

MBR 1

Naam van applikant
.....
Naam van medisyne
.....
Bereidingsvorm

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation

Die volgende verslae ten opsigte van registrasie is uitgereik deur die statutêre lisensie- of registrasieowerheid in die land van herkoms of enige ander land. (Indien geen verslag beskikbaar is nie, moet alle tersaaklike besonderhede verstrek word met betrekking tot die voorde- ring wat reeds in verband met die registrasie van die medisyne gemaak is).

The following reports with regard to registration were issued by the statutory licensing or registering authority in the country of origin or any other country. (If no such report is available, all relevant particulars with regard to the progress already made concerning the registration of the drug must be furnished.)

AANHANGSEL 13

ANNEXURE 13

MBR 1

MBR 1

Naam van applikant

.....

Naam van medisyne

.....

Bereidingsvorm

L.W. In die volgende gevalle moet ondergemelde inligting slegs verstrek word indien die Raad daarom vra:

- (i) Medisyne wat in die Republiek of die Gebied vir verkoop aangebied was voor die afkondiging van die Regulasies.
- (ii) Indien besonderhede en resultate soos beskryf op Aanhangel 15(B) verstrek word.

Eksperimentele besonderhede en resultate van die toetse uitgevoer op die medisyne om die fisiologiese beskikbaarheid daarvan te bevestig:-

Name of applicant

.....

Name of drug

.....

Form of preparation

N.B. In the following instances the particulars below should be furnished only if called for by the Council:

- (i) Drugs which were available for sale in the Republic or the Territory prior to the promulgation of the Regulations.
- (ii) Where details and results as described in Annexure 15(b) are submitted.

Experimental details and results of the tests performed on the drug to confirm its physiological availability.

AANHANGSEL 14

ANNEXURE 14

MBR 1

M.B.R. 1

Naam van applikant
.....
Naam van medisyne
.....
Bereidingsvorm

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation

L.W. Met betrekking tot medisyne wat in die Republiek of die Gebied vir verkoop beskikbaar was voor die afkondiging van die Regulasies, moet ondergemelde besonderhede slegs verskaf word indien die Raad daarom vra.

N.B. With regard to drugs which were available for sale in the Republic or the Territory prior to the promulgation of the Regulations, the particulars below should be furnished only if called for by the Council.

A. Opsommings* van, en gevolgtrekkings uit, proewe wat op diere uitgevoer is om alle aspekte van toksisiteit van die medisyne aan te toon, en om die veiligheid van die gebruik van die medisyne te staaf, met spesiale verwysing na:

- (i) LD50-bepalings;
- (ii) Teratogenisiteitstudies;
- (iii) Karsinogenisiteitstudies;
- (iv) Ander proewe om die veiligheid van die medisyne te staaf.

In bepaalde gevalle waar goed bekende aktiewe bestanddele betrokke is, kan die Raad vrystelling van die voorlegging van bovermelde inligting verleen.

B. Opsommings* van die metodes, eksperimentele resultate en gevolgtrekkings van proewe wat op diere uitgevoer is met betrekking tot die doeltreffendheid van die gebruik van die medisyne, veral met betrekking tot die verband tussen die aard van die proewe en die doel waarvoor die medisyne gepropageer word of sal word, en verder met betrekking tot die dosis en wyse van toediening van die medisyne, met spesiale verwysing na farmakokinetiese toetse op proefdiere.

*(Volle besonderhede sal, indien nodig deur die Raad aangevra word.)

A. Summaries* of, and conclusions derived from, tests performed on animals to demonstrate all aspects of the toxicity of the drug, and to prove the safety of its use, with special reference to:

- (i) L.D. 50 determinations
- (ii) Teratogenicity studies
- (iii) Carcinogenicity studies
- (iv) Other tests to substantiate the safety of the drug.

In certain cases where well-known active constituents are concerned the Council may grant exemption from the submission of the above information.

B. Summaries* of methods of, experimental results of, and conclusions drawn from, tests performed on animals with reference to the efficacy of the drug, with special emphasis on the relationship between the tests performed and the purpose for which the drug is, or will be, propagated and further with regard to the dosage and method of administration of the drug, with special reference to pharmacokinetic tests on experimental animals.

*(Full particulars will be requested by the Council, if required.)

AANHANGSEL 15

MBR 1

Naam van applikant
.....
Naam van medisyne
.....
Bereidingsvorm

L.W. Met betrekking tot medisyne wat in die Republiek of die Gebied vir verkoop beskikbaar was voor die afkondiging van die Regulasies, moet ondergemelde besonderhede verskaf word slegs indien die Raad daarom vra.

A. Opsommings* van die proewe wat op mense uitgevoer is met betrekking tot die veiligheid van die gebruik van die medisyne, met spesiale verwysing na die bepaalde dosis, toedieningsroetes gebruik, en nuwe-effekte waargeneem.

B. Besonderhede van kliniese proewe uitgevoer met betrekking tot die doeltreffendheid van die gebruik van die medisyne, met 'n opsomming* van die aard van die proewe, deur wie uitgevoer en waar, resultate, ens., met spesiale verwysing na vergelykende of gekontroleerde kliniese proewe, dubbelblinde proewe, ens.

C. Eksperimentele besonderhede en resultate van die toetse uitgevoer om die bloed- of ander toepaslike fisiologiese peile wat gepaard gaan met die werking van die medisyne waarop aanspraak gemaak word, te bepaal.

* (Volle besonderhede sal, indien nodig, deur die Raad aangevra word.)

ANNEXURE 15

M.B.R. 1

Name of applicant
.....
Name of drug
.....
Form of preparation

N.B. With regard to drugs which were available for sale in the Republic or the Territory prior to the promulgation of the Regulations, the particulars below should be furnished only if called for by the Council.

A. Summaries* of the tests performed on human beings in regard to the safety of the use of the drug, with special reference to the particular dosage, routes of administration used, and the side effects observed.

B. Particulars of clinical tests conducted with reference to the efficacy of the use of the drug, with a summary* of the nature of the tests, by whom conducted and where, results, etc., with special reference to comparative or controlled clinical tests, double blind tests, etc.:-

C. Experimental details and results of the tests performed to establish the blood or other suitable physiological levels associated with the action claimed for the drug.

*(If required, full particulars will be requested by the Council.)

AANHANGSEL 16

ANNEXURE 16

M.B.R. 1

BESONDERHEDE VAN AANSOEK VIR PUBLIKASIE IN STAATSKOERANT**MOET IN DUPLO IN ALBEI AMPTELIKE TALE INGEVUL WORD****PARTICULARS OF THE APPLICATION FOR PUBLICATION****MUST BE COMPLETED IN DUPLICATE IN BOTH OFFICIAL LANGUAGES.**

<i>Naam en sakeadres van ap- plikant:</i>	<i>Name and business address of applicant:</i>
<i>Naam en sakeadres van ver- vaardiger (volledige adres):</i>	<i>Name and business address of manufacturer (full ad- dress):</i>
<i>Voorgestelde goedgekeurde naam van medisyne:</i>	<i>Proposed approved name of drug:</i>
<i>Bereidingsvorm:</i>	<i>Form of preparation:</i>
<i>Aktiewe bestanddele (hoe- veelheid per doseringseen- heid):</i>	<i>Active ingredients (quantity per dosage unit):</i>

No. R.1389]

[16 Augustus 1974

**DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/291).**

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aange-
toon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

No. R. 1389 (Republic)]

[16 August 1974

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO.
1/1/291).**

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
39.02 Deur subpos No. 39.02.10.23 deur die volgende te vervang: ".23 Kopolimere van etileen en akriel of metakrielsuur waarin die karboksielgroepe gedeeltelik verbind of gedeeltelik geneutraliseer is deur metaalione, in poeiers, korrels en dergelike massavorms.	kg	vry"		

OPMERKING: Subpos No. 39.02.10.23 word herskryf.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
39.02 By the substitution for subheading No. 39.02.10.23 of the following: ".23 Copolymers of ethylene and acrylic or methacrylic acid in which the carboxyl groups are partially linked or partially neutralised by metal ions, in powders, granules and similar bulk forms.	kg	free"		

NOTE: Subheading No. 39.02.10.23 is redrafted.

No. R.1390 (Republiek)] [16 Augustus 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/292).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aange-
toon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
84.40 Deur subpos No. 84.40.10.10 deur die volgende te vervang: ".05 Tuimeltipe, hand-aangedrewe .10 Ander, gemonteer of ongemonteer.	getal	25%		
	getal	3 200c elk"		

No. R.1390 (Republic)] [16 August 1974

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/292).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
84.40 By the substitution for subheading No. 84.40.10.10 of the following: ".05 Tumbler type, hand operated .10 Other, assembled or unassembled	no.	25%		
	no.	3 200c each"		

OPMERKING: Spesifieke voorsiening word gemaak vir handaangedrewe tuimelwasgoed-wasmasjiene en die reg daarop word verlaag van 3 200c elk na 25%.

NOTE: Specific provision is made for hand operated tumbler laundry washing machines and the duty thereon is reduced from 3 200c each to 25%.

No. R. 1391 (Republiek)] [16 Augustus 1974

No. R. 1391 (Republic)] [16 August 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/293).

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/293).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aange-
toon.

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

BYLAE

SCHEDULE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
85.25 Deur tariefpos No. 85.25 deur die volgende te vervang: "85.25 Isolators van enige stof:				
85.25.10 Gemerk of ontwerp vir spannings laer as 660 V	getal	50%	15%	10% (V.K.)
85.25.20 Spiltipe, van porselein, gemerk of ontwerp vir spannings van minstens 660 V	getal	50%	15%	10% (V.K.)
85.25.30 Skyftipe, van glas of porselein, gemerk of ontwerp vir spannings van minstens 660 V	getal	50%	15%	10% (V.K.)
85.25.50 Ander, van glas of porselein, gemerk of ontwerp vir spannings van minstens	getal	30%	15%	10% (V.K.)

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
85.25 By the substitution of tariff heading No. 85.25 of the following: "85.25 Insulators of any material:				
85.25.10 Marked or rated for voltages lower than 660 V	no.	50%	15%	10% (U.K.)
85.25.20 Pin type, of porcelain, marked or rated for voltages of 660 V or more	no.	50%	15%	10% (U.K.)
85.25.30 Disc type, of glass or porcelain, marked or rated for voltages of 660 V or more	no.	50%	15%	10% (U.K.)
85.25.50 Other, of glass or porcelain, marked or rated for voltages of 660 V or	no.	30%	15%	10% (U.K.)

660 V maar
hoogstens 44
kV

85.25.90 Ander

getal

5%

vry
(V.K.)"

more but not
exceeding 44
kV

85.25.90 Other

no.

5%

free
(U.K.)"

OPMERKING: Die skaal van reg op sekere isolators wat by tariefpos No. 85.25 indeelbaar is, word verhoog tot die mate aangedui.

NOTE: The rate of duty on certain insulators which are classifiable under tariff heading No. 85.25 is amended to the extent indicated.

No. R. 1392 (Republiek)]

[16 Augustus 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/294).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aange-
toon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Alge- meen	M.B.N.	Voor- keur
87.06 Deur na subpos No. 87.06.60.15 die volgende in te voeg:				
“.17 Skyfremkussings	getal	30% of 85c elk min 70 per- sent van die prys v.a.b.”		

OPMERKING: Spesifieke voorsiening word gemaak vir skyfremkussings en die reg daarop word verhoog van 20% na 30% of 85c elk min 70 persent van die prys v.a.b.

No. R. 1392 (Republic)]

[16 August 1974

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/294).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Prefer- ential
87.06 By the insertion after subheading No. 87.06.60.15 of the following:				
“.17 Disc-brake pads	no.	30% or 85c each less 70 per cent of the f.o.b. price”		

NOTE: Specific provision is made for disc-brake pads and the duty thereon is increased from 20% to 30% or 85c each less 70 per cent of the f.o.b. price.

No. R.1393 (Republiek)]

[16 Augustus 1974

No. R. 1393 (Republic)]

[16 August 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/394).

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
306.01	Deur paragraaf (5) van tariefpos No. 29.04 deur die volgende te vervang: “(5) Isopropielalkohol en sekondêre butielalkohol, vir die vervaardiging van xantate (6) Isobutielalkohol, vir die vervaardiging van alkiel-ditiofosfate, dikresielditiofosforsuur en xantate	Volle reg Volle reg”

OPMERKING: Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op isobutielalkohol, vir die vervaardiging van alkiel-ditiofosfate en dikresielditiofosforsuur.

No. R. 1394 (Republiek)]

[16 Augustus 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/395).

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
316.09	Deur tariefpos No. 85.25 te skrap.	

OPMERKING: Die voorsiening vir 'n korting op reg op isolators vir die vervaardiging van stowe en kookplate, word ingetrek.

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/394).

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
306.01	By the substitution for paragraph (5) of tariff heading No. 29.04 of the following: “(5) Isopropyl alcohol and secondary butyl alcohol, for the manufacture of xanthates (6) Isobutyl alcohol, for the manufacture of alkyldithiophosphates, dicresyldithiophosphoric acid and xanthates	Full duty Full duty”

NOTE: Provision is made for a rebate of the full duty on isobutyl alcohol, for the manufacture of alkyldithiophosphates and dicresyldithiophosphoric acid.

No. 1394 (Republic)]

[16 August 1974

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/395).

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
316.09	By the deletion of tariff heading No. 85.25	

NOTE: The provision for a rebate of duty on insulators for the manufacture of stoves and hot-plates, is withdrawn.

No. R. 1395 (Republiek)

[16 Augustus 1974

No. R. 1395 (Republic)]

[16 August 1974.

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 4 (NO. 4/148).

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 4 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
460.10	<p>Deur tariefpos No. 48.01 deur die volgende te vervang:</p> <p>"48.01 (1) Sypapier (uitgesonderd sigaretpapier), met 'n basismassa van minder as 35 g/m², van 'n soort gebruik vir pakpapier, toilet-papier, servette, sak-doeke, gesigpapier-doe kies en doilies, in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Nywerheids wese by bepaalde permit toelaat</p> <p>(2) Papier en papierbord, masjinaal gemaak, in rolle of in velle, met 'n basismassa van meer as 250 g/m², in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Nywerheids wese by bepaalde permit toelaat</p> <p>Deur na tariefpos No. 48.05 die volgende in te voeg:</p> <p>"48.07 Papier en papierbord, geïmpregneer, bestryk, op die oppervlak gekleur, op die oppervlak versier of bedruk (wat nie slegs met strepe, lyne of blokkies bedruk is nie, en wat nie drukwerk in Hoofstuk 49 vermeld, is nie), in rolle of velle, met 'n basismassa van meer as 250 g/m², in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Nywerheids wese by bepaalde permit toelaat.</p>	<p>Volle reg</p> <p>Volle reg"</p> <p>Volle reg"</p>

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 4 (NO. 4/148).

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 4 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
460.10	<p>By the substitution for tariff heading No. 48.01 of the following:</p> <p>"48.01 (1) Tissue paper (excluding cigarette paper) with a basis mass of less than 35 g/m² of a kind used for wrapping paper, toilet paper, serviettes, handkerchiefs, facial tissues and doilies, in such quantities and at such times as the Secretary for Industries may allow by specific permit</p> <p>(2) Paper and paperboard, machinemade, in rolls or in sheets, with a basis mass exceeding 250 g/m² in such quantities and at such times as the Secretary for Industries may allow by specific permit</p> <p>By the insertion after tariff heading No. 48.05 of the following:</p> <p>"48.07 Paper and paperboard, impregnated, coated, surface-coloured, surface-decorated or printed (not being merely ruled, lined or squared and not constituting printed matter within Chapter 49), in rolls or sheets, with a basis mass exceeding 250 g/m², in such quantities and at such times as the Secretary for Industries may allow by specific permit</p>	<p>Full duty</p> <p>Full duty"</p> <p>Full duty"</p>

OPMERKING: Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op sekere papier en papierbord, met 'n basismassa van meer as 250 g/m², in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Nywerheidswese by bepaalde permit toelaat.

NOTE: Provision is made for a rebate of the full duty on certain paper and paperboard, with a basis mass exceeding 250 g/m², in such quantities and at such times as the Secretary for Industries may allow by specific permit.

No. R. 1396 (Republiek) [16 Augustus 1974.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 13A(2) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, en na oorweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die volgende regulasies betreffende die samestelling, bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Beroepsraad vir Radiografie uit te vaardig:

REGULASIES BETREFFENDE DIE SAMESTELLING, BEVOEGDHEDE, WERKSAAMHEDE EN PLIGTE VAN DIE BEROEPSRAAD VIR RADIOGRAFIE

Die regulasies is verdeel in hoofstukke wat betrekking het op onderskeidelik die volgende aangeleenthede:

Hoofstuk I – Samestelling van die Beroepsraad

Hoofstuk II – Bevoegdhede van die Beroepsraad

Hoofstuk III – Werksaamhede en pligte van die Beroepsraad

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie regulasies beteken –

”Beroepsraad” die Beroepsraad vir Radiografie ingevolge Proklamasie R150 van 1974 ingestel;

”Raad” die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad;

”Wet” die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig.

SAMESTELLING VAN DIE BEROEPSRAAD

2. Die Beroepsraad bestaan uit sewe lede en word soos volg saamgestel:

(a) Een lid deur die Raad aangestel, wat 'n lid van die Raad is;

No. R. 1396 (Republic) [16 August 1974.

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

The State President has been pleased, under the powers vested in him by section 13A(2) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, and after considering a recommendation of the South African Medical and Dental Council, to make the following regulations regarding the constitution, functions, powers and duties of the Professional Board for Radiography:

REGULATIONS REGARDING THE CONSTITUTION, FUNCTIONS, POWERS AND DUTIES OF THE PROFESSIONAL BOARD FOR RADIOGRAPHY

The regulations are divided into chapters, which relate to the following matters respectively:

Chapter I – Constitution of the Professional Board

Chapter II – Powers of the Professional Board

Chapter III – Functions and Duties of the Professional Board

DEFINITIONS

1. In these regulations:

”Professional Board” means the Professional Board for Radiography established under Proclamation R150 of 1974;

”Council” means the South African Medical and Dental Council;

”Act” means the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended.

CONSTITUTION OF THE PROFESSIONAL BOARD

2. The Professional Board shall consist of seven members and shall comprise –

(a) one person appointed by the Council, who shall be a member of the Council;

(b) vyf persone verkies deur die persone wie se name verskyn op die registers van terapeutiese radiografiste en diagnostiese radiografiste wat ingevolge artikel 32 van die Wet in stand gehou word; sodanige verkiesing word deur die Raad gehou en lede word verkies vir 'n tydperk van vyf jaar, na verloop van welke tydperk lede hulle amp ontruim; Met dien verstande dat sodanige lede herkiesbaar is;

(c) een persoon deur die Raad aangestel wat 'n geneesheer of tandarts is en wat besondere kennis van radiografie dra.

3. (1) 'n Lid van die Beroepsraad ontruim sy amp —

(a) as hy insolvent raak of van sy boedel afstand doen ten voordele van sy skuldeisers of met hulle 'n skikking aangaan; of

(b) as hy van meer as twee agtereenvolgende gewone vergaderings van die Beroepsraad sonder die toestemming van die Beroepsraad afwesig is; of

(c) as hy ingevolge die Wet onbevoeg geword het om sy beroep te beoefen; of

(d) as hy, as 'n verkose lid, sy bedanking skriftelik meedeel aan die Beroepsraad; of

(e) as hy, as 'n aangestelde lid, ophou om aanstelbaar te wees of skriftelik kennis gee aan die Raad van sy wens om te bedank en sy bedanking word aangeneem.

(2) Elke sodanige vakature en elke vakature wat deur die dood van 'n lid ontstaan, word aangevul deur aanstelling of verkiesing na gelang die lid wat sodanige amp ontruim, aangestel of verkies is, en elke aldus aangestelde of verkose lid beklee sy amp slegs gedurende die onverstreke deel van die tydperk waarvoor die lid wat sodanige amp ontruim, aangestel of verkies is.

4. Die verkiesing van lede van die Beroepsraad en elke verkiesing om 'n toevallige vakature aan te vul, word *mutatis mutandis* gehou in ooreenstemming met die bepalings vervat in die Eerste Bylae van die Wet, of sodanige regulasies wat ingevolge die Wet uitgevaardig mag word.

BEVOEGDHEDE VAN DIE BEROEPSRAAD

5. Die Beroepsraad kan —

(b) five persons elected by the persons whose names appear on the registers of therapeutic radiographers and diagnostic radiographers kept under section 32 of the Act; the election to be conducted by the Council and members to be elected for periods of five years, at the end of which period they shall vacate office: Provided that they shall be eligible for re-election;

(c) one person, appointed by the Council, who shall be a medical practitioner or dentist and who shall have special knowledge of radiography.

3. (1) A member of the Professional Board shall vacate his office —

(a) if he becomes insolvent or assigns his estate for the benefit of, or compounds with, his creditors, or

(b) if he is absent from more than two consecutive ordinary meetings of the Professional Board without the Professional Board's leave, or

(c) if he has been disqualified under the Act from carrying on his profession, or

(d) if as an elected member he notifies his resignation, in writing, to the Professional Board, or

(e) if as an appointed member he ceases to be eligible for the appointment or gives notice, in writing, to the Council of his desire to resign office and his resignation is accepted.

(2) Every such vacancy and every vacancy caused by the death of a member shall be filled by appointment or election according as the member vacating office was appointed or elected, and every member so appointed or elected shall hold office only for the unexpired portion of that period for which the member vacating such office was appointed or elected.

4. The election of members of the Professional Board and every election to fill a casual vacancy shall be held *mutatis mutandis* in accordance with the provisions set out in the First Schedule to the Act, or such regulations as may be promulgated under the Act.

POWERS OF THE PROFESSIONAL BOARD

5. The Professional Board may —

- (a) tot, of deur bemiddeling van die Raad, vertoë rig vir die uitvaardiging, wysiging of intrekking van enige regulasie of reël wat op die Beroepsraad of op radiografie van toepassing is;
- (b) deur bemiddeling van die Raad vertoë tot die Staatspresident rig met betrekking tot die omskrywing van die omvang van radiografie indien die Raad, ingevolge artikel 39A van die Wet, by die Staatspresident sou aanbeveel dat die omvang van radiografie omskryf word deur die handeling te bepaal wat vir die toepassing van die Wet geag word handeling te wees wat tot radiografie behoort;
